IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA
(WES-KAAP HOë HOF, KAAPSTAD)

Saaknommer: A182/2010

In die saak tussen:

**JOHAN ONVERWACHT** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**UITSPRAAK**

---

**TRAVERSO, ARP :**

IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA
(WES-KAAP HOë HOF, KAAPSTAD)

Saaknommer: A182/2010

In die saak tussen:

**JOHAN ONVERWACHT** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**UITSPRAAK : 8 NOVEMBER 2010**

---

**TRAVERSO, ARP :**

**[1]** Die appellant in hierdie aangeleentheid het in die Streekhof te Parow tereggestaan op 'n aanklag van verkragtig. Hy was een van twee beskuldigdes wat aangekla gestaan het van verkragting van die klaagster.

**[2]** Die appellant was deurgaans regsverteenwoordig. Hy het onskuldig gepleit maar is skuldig bevind. Daarna is die verrigtinge gestaak en verwys na die Hoë Hof in terme van Artikel 52(2)(a) van die Wet op Minimum Vonnisse, Wet 105 van 1997. On 29 Augustus 2001 is die appellant gevonnis tot lewenslange gevangenisstraf.

**[3]** Die appellant het gedurende 2009 aansoek gedoen om verlof tot appèl teen die opgelegde vonnis. Sy medebeskuldigde het nie aansoek gedoen nie. Die Hof wat vonnis opgelê het (Motala, R) het verlof tot appèl toegestaan. Hoewel daar in die onderhawige geval faktore bestaan wat die twee beskuldigdes se situasie met

betrekking tot vonnis onderskeibaar maak, glo ek tog dat dit wenslik is dat die Regshulpraad in situasies soos hierdie poog om die beskuldigde wat nie aansoek gedoen het vir verlof tot appèl nie, te nader om vas te stel of hy moontlik ook oorweeg om aansoek te doen vir verlof om te appelleer nie. Dit sal voorkom dat die saak broksgewys gefinaliseer word, maar, meer belangrik, sal dit minstens bydra om 'n regskending te voorkom. Dit was nie in die onderhawige saak gedoen nie. Maar soos reeds opgemerk is daar faktore wat die situasie van die appellant en sy mede-beskuldigde onderskei. In die omstandighede glo ek nie dat in die huidige saak, die nalate van die Regshulpraad hierdie aangeleentheid behoort te vertraag nie.

**[4]** Die feite wat aanleiding gegee het tot hierdie saak is kortliks die volgende. Die klaagster is 'n 30 jarige vrou, en die moeder van drie kinders. Op Sondag, 7 Februarie 1999 het die klaagster saam met van haar vriende, wat onder

andere die appellant en sy mede-beskuldigde (na wie ek sal verwys as beskuldigde 1) ingesluit het, by 'n smokkelhuis gaan drink. Dit blyk dat die klaagster verskeie biere gedrink het en inderdaad redelik sterk onder die invloed van drank was. Hoe dit ookal sy, nadat hulle klaar bier gedrink het, het beskuldigde 1 gesê dat hulle moet loop om geld te gaan haal by 'n dame, blykbaar om verder drank te koop. Die klaagster het saam met hulle gestap en op 'n stadium is sy aangeval deur beide die appellant en beskuldigde 1. Eers het beskuldigde 1 haar verkrag waarna die appellant haar ook verkrag het. Iemand wat in die nabygeleë omgewing gewoon het, het gesien wat gebeur het en het die polisie geskakel. Die appellant en beskuldigde 1 is toe gearresteer.

**[5]** Uit die klaagster se getuienis het dit duidelik geblyk dat sy, volgens haar eie toegewing, erg onder die invloed van drank was. Dit kan natuurlik nooit die misdryf regverdig nie, maar die feit dat nie alleen die klaagster nie, maar ook die

appellant, tot 'n mate onder die invloed van drank was, is inderdaad 'n faktor wat in aanmerking geneem moet word by die oplegging van vonnis.

**[6]** Die Verhoorhof se uitspraak is uiters kort. Ten opsigte van die vonnis van die appellant merk die Verhoorregter bloot as volg op:

> ***"Beskuldigde 2 is 28 jaar oud. Hy is ongetroud. Hy het twee kinders. Hy is 'n eerste oortreder. Hy was ook heel waarskynlik tot 'n mate onder die invloed van drank toe die misdaad gepleeg is, maar het ook geweet wat hy doen.***
>
> ***Die erns van die misdaad wat die twee beskuldigdes gepleeg het, kan nie oorbeklemtoon word nie. Daar is 'n vlaag van geweldsmisdade in ons land. Amper elke dag word daar verkragtings gepleeg, selfs klein meisiekinders en bejaarde vrouens word verkrag. Die gemeenskap vra dat die howe moet streng optree teen geweldsmisdadigers.***
>
> ***In hierdie saak is daar ook sekere verswarende omstandighede. Die klaagster het die twee beskuldigdes vertrou en met hulle vrywillig geloop. Sy het sekere beserings opgedoen. Volgens dr Frantz, wat die klaagster ondersoek het, was daar twee vars skeure op haar lipvliese. Dr Frantz het getuig dat dit moet verskriklik pynlik vir haar gewees het. Tot vandag het die beskuldigdes geen berou getoon nie. In die omstandighede kan ek nie 'n bevinding maak dat daar***

***wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat 'n mindere vonnis kan regverdig nie."***

**[7]** Met respek teenoor die Verhoorregter kan ek met hierdie benadering nie saamstem nie. Beskuldigde 1 het 'n vorige veroordeling gehad vir moord. Hierteenoor was die appellant 'n eerste oortreder. Verkragting is altyd 'n laakbare misdryf. Maar dit is sonder twyfel so dat daar sekere verkragtings is wat meer ernstig is as ander. In hierdie geval was die enigste beserings wat die klaagster opgedoen het twee skeure aan haar skaamlipvliese. Klaarblyklik moes dit redelik pynlik gewees het, maar dit kom voor dat die klaagster dermate onder die invloed van drank was dat sy nie eers bewus was daarvan nie. Al wat sy gesê het oor die effek wat die verkragting op haar gehad het is dat sy sleg gevoel het omdat beskuldigde 1 iemand was wat sy goed geken het. Daar was geen suggestie dat sy blywende sielkundige letsels oorgehou het nie. Daar durf egter nie uit

die oog verloor word dat verkragting altyd 'n ernstige misdryf is nie. Dit is weersinwekkend en die gemeenskap skree uit dat die Howe vonnisse oplê wat voornemende misdadigers sal afskrik. Om by 'n gepaste vonnis te kom, moet die Hof alle relevante faktore opweeg teen mekaar. Dit, het die Verhoorhof na my mening nie gedoen nie. Die Hof het geensins die strafversagtende omstandighede hierbo genoem in ag geneem nie en oorweeg of daardie omstandighede moontlik wesentlike en dwingende omstandighede sal daarstel nie. Dít was 'n wanvoorligting, en hierdie Hof is derhalwe by magte om met die vonnis in te meng. Na my mening stel die kumulatiewe effek van voornoemde feite inderdaad wesentlike en dwingende omstandighede daar om van die voorgeskrewe minimum vonnis af te wyk. Dit is ook heeltemaal tereg so deur die Staat toegegee.

**[8]** In die omstandighede is ek van mening dat die appèl teen vonnis moet slaag en sal die volgende bevel gepas wees:

1. **Die skuldigbevinding word bekragtig.**

2. **Die appèl teen die vonnis slaag. Die vonnis word tersyde gestel en vervang met:**

   **15 (Vyftien) jaar gevangenisstraf.**

**TRAVERSO, ARP**

**Ek stem saam:**

**N.C. ERASMUS, R**

**Ek stem saam:**

**BOZALEK, R**